Health • Rural Development • Employment • Safety & Security • Education

# Vuk'uzenzele

JOBS INSIDE:

Produced by Government Communications (GCIS) | Afrikaans/English | January 2018 Edition



Dumisani Makhaye Drive is the biggest road infrastructure development in the country in five years.

# On the road to economic growth

**THE OPENING** of Dumisani Makhaye Drive in KwaZulu-Natal paves the way for economic development.

SAnews

The new Dumisani Makhaye Drive not only addresses the challenge of apartheid spatial planning but it also paves the way for economic development for communities in the area. Speaking at the formal opening of the road President Jacob Zuma said: "The road is of high quality. It demonstrates government's commitment to growing the economy and creating much-needed jobs in the community."

The R1.3 billion project is the biggest road infrastructure development in the country in five years and also the most complex road project to be undertaken in years. It forms part of government's nationwide programme to upgrade infrastructure. The road spans the uMngeni River and provides a strategic link between Duffs Road in KwaMashu and Dinkelman in New Germany. It shaves 16 kilometres for traffic using the N3 to connect to the N2.

**"This is a major step in the government's drive to create easy access for communities for socio-economic development."**

This makes the communities of Newlands, KwaMashu, Inanda, KwaDabeka, Clermont and Pinetown more closely connected. It is set to ease traffic congestion in the eThekwini Metropolitan Municipality.

Significantly, the road will serve as a new alternative route to the King Shaka International Airport for traffic coming from the Pietermaritzburg and Pinetown areas, which will ease

Cont. page 2



**Full tummies equal better marks**

Page 6




**Young minds groomed for greatness**

Page 8

2030 NDP

@VukuzenzeleNews
Vuk'uzenzele
Websites: www.gcis.gov.za
www.vukuzenzele.gov.za
E-mail: vukuzenzele@gcis.gov.za
Tel: (+27) 12 473 0405

Free Copy

*"We have a vision of South Africa in which black and white shall live and work together as equals in conditions of peace and prosperity".*

Oliver Tambo - Georgetown University on 27 January 1987

Life and legacy of **OR TAMBO. 100 YEARS**



# 2018 Sentrale Aansoekklaringskantoor (SAKK)



**Die SAKK is 'n diens van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding wat jong mense help deur loopbaanraad en moontlike plasing in die Naskoolse Onderwys en -Opleidingstelsel (NOOS).**



## Wat is die Sentrale Aansoek-klaringskantoor (SAKK)?

Die Sentrale Aansoekklaringskantoor, wat SAKK (CACH in Engels) genoem word, is 'n tydelike maatreël wat deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding ingestel is om voornemende studente te help wat die Naskoolse Onderwys- en Opleidingstelsel (NOOS) wil betree, maar dalk in die posisie is waar hulle:

- Betyds by die instansie van hulle keuse aansoek gedoen het, maar hulle aansoek is afgekeur en dit is nou te laat om elders aansoek te doen.
- Voornemende aansoekers wat nie aansoek gedoen het nie omdat hulle weens hulle Graad 11-uitslae nie aan die toegangsvereistes voldoen het nie, maar dat hulle Graad 12-uitslae wel aan die toegangsvereistes voldoen.
- Om een of ander rede nie betyds aansoek gedoen het nie of glad nie aansoek gedoen het nie.
- Geen idee het wat om na matriek te studeer nie.
- 'n Idee het wat om na matriek te studeer, maar nie seker is of die studiekeuse die regte loopbaan vir hulle is nie.

## Dienste wat deur die SAKK gebied word

- Aansoeke vir NOOS-leergeleenthede, bv by universiteite, universiteite van tegnologie, tegniese- en beroepsonderwys en opleidingskolleges (TVET) en sektoronderwys- en opleidingsowerhede (SETAS).
- Inligting oor finansiële steun (NSFH).
- Loopbaanontwikkelingsdienste (voorligting, inligting, raad en loopbaanbeplanning/-inligting oor befondsings- en finansieringsopsies).
- Steun vir ambagsmanne (Nasionale Ontwikkelingsentrum vir Ambagsmanne).

**Die SAKK se dienste begin op 3 Januarie 2018, kort voordat die NSS-eksamenuitslae vrygestel word en sal tot aan die einde van Februarie 2018 beskikbaar wees.**

## Hoe werk die SAKK?

Fase 1: Studente wat nie toelating gekry het tot die instansies waar hulle aansoek gedoen het nie, of wat op soek is na NOOS-leergeleenthede, kan die SAKK kontak deur hul tolvrye **nommer (0800 356 635)**, die webtuiste **(www.dhet.gov.za)** of deur 'n standaard **SMS (SMS naam en ID na 49200)** of hulle kan aanlyn registreer. Studente kan ook hul **Facebook**-blad, wat **CACH_SA** is, besoek vir meer inligting.

Fase 2: 'n Agent sal die voornemende student kosteloos terugskakel vanaf die kontaksentrum en alle versoekte besonderhede op die SAKK-databasis aanteken. Dit sal die aansoeker se gekose studierigting en die provinsie waar hy of sy wil studeer, aandui.

Fase 3: Die aansoeker se persoonlike besonderhede en matriekuitslae sal bevestig word en outomaties aan hoër onderwysinstansies vir moontlike toegang en plasing, gestuur word.

Fase 4: Die SAKK-diens sal die leerder se inligting nagaan en aan die instansies wat plek beskikbaar het, stuur. Instansies waar daar plek is en waar aansoekers aan die vereistes voldoen, sal aansoekers dan direk kontak.

**Neem kennis**

- Die SAKK kan nie aan enige aansoeker toelating om te studeer waarborg nie.
- Die SAKK kan nie bepaal wanneer die instansies die aansoeker vir moontlike plasing sal kontak nie.

## Hoe help die SAKK aansoekers wat nie seker is wat hulle wil studeer nie of diegene wat nie aan die vereistes voldoen om die NOOS-stelsel te betree nie?

Die SAKK-diens werk ook saam met die Nasionale Loopbaanontwikkelingsdienste (CDS in Engels) wat help om omvattende loopbaaninligting en raad oor die volgende te verskaf:

- Loopbane en leerbane
- Vakkeuse
- Inligting oor hereksamens
- Matriekopgradering
- Studiegeleenthede wat deur die NOOS-stelsel aangebied word
- Befondsings- en finansieringsopsies (NSFH-inligting)
- Inligting oor aansoekprosesse en sluitingsdatums
- Aansoek- en registrasiedatums in die tweede semester.

## Enigiemand wat in die dienste wat deur die CDS gebied word belangstel, kan die CDS-hulplyn deur die volgende kanale kontak:

- SMS jou vraag of stuur 'n ***'please call me'*** na 072 204 5056, of
- Skakel 086 999 0123, 'n oproepdeellyn, van Maandag tot Vrydag tussen 8:00 vm. en 4:30 nm.
- Stuur 'n e-pos aan *careerhelp@dhet.gov.za*
- Besoek ons kantoor by Francis Baardstraat 123, Pretoria.
- Besoek ***Facebook*** by *www.facebook.com/careerhelp*, of
- Besoek ***Twitter*** by *www.twitter.com/rsacareerhelp.*

## Befondsingsgeleenthede deur die regering

Daar is verskillende befondsingsgeleenthede beskikbaar vir studie by hoëronderwys-instansies, aangebied deur: die Funza Lushaka Beursskema, die Nasionale Studente Finansiële Hulpskema (NSFH), die Plattelandse Onderwystoegangsprogram, die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, die Departement van Wetenskap en Tegnologie en die Departement van Gesondheid.

## Wie behoort aansoek te doen vir finansiële steun?

Suid-Afrikaanse leerders wat by hoëronderwysinstansies wil studeer word uitgenooi om die finansiële steunkantoor by die instansie van hulle keuse te besoek.

higher education & training
Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

2030 NDP

# Vol magies is gelyk aan beter punte

**DIE NASIONALE** Skoolvoedingsprogram voed miljoene kinders regoor die land.



More Matshediso

Meer as nege miljoen leerders regdeur Suid-Afrika se openbare skole kan danksy ŉ regeringsprogram wat verseker dat hulle magies vol voedsame kos is, hul skoolwerk beter aanpak.

Die Departement van Basiese Onderwys (DBO), deur die Nasionale Skoolvoedingsprogram (NSVP), het sy doelwit om maaltye aan ongeveer 75% van die land se leerders te verskaf, oortref.

Die Direkteur van die NSVP by die departement, Neo Rakwena, sê dat 20 619 skole daagliks skoolmaaltye voorberei vir ongeveer 9 032 622 leerders regoor die land.

Sy sê dat skole wat nie by die program ingesluit is nie, distrikskantore moet nader as hulle deel van die program wil word.

Ongeveer R5 703 miljard is in die 2015/16-boekjaar aan die program toegewys.

Rakwena sê dat die bedrag wat aan die program bestee word, jaarliks aangepas word om inflasie te dek en dat die begroting vir 2017/18 ongeveer R6,4 miljard is.

Die program verlig korttermyn honger en dra by tot die leerders se welstand.

"Baie kinders kom uit arm huishoudings wat sukkel om kos op die tafel te sit en vir sommige leerders is die skoolmaaltyd hul enigste maaltyd van die dag. Skoolmaaltye dra by tot leerkapasiteit, beter konsentrasie en klasdeelname," sê sy.

Skoolinskrywings en leerderbywoning word ook danksy die voedingsprogram, verbeter.

Die Kabinet het onlangs die publikasie van die Verslag oor die Evaluering van die NSVP, wat deur die Departement van Beplanning, Monitering en Evaluering (DPME) opgestel is, goedgekeur. Dit beskryf in hooftrekke die stappe wat geneem kan word om die inisiatief te verbeter. Die Direkteur van Evaluering by die DPME, Jabu Mathe, sê die hoofdoel van die evaluering is om te bepaal of die NSVP op so ŉ wyse geïmplementeer word dat dit moontlik beduidende gesondheids- en opvoedkundige voordele vir leerders inhou.

Hy beklemtoon dat die program hoofsaaklik daarop gerig is om die gesondheid- en voedingstatus van die armste leerders in Suid-Afrika te verbeter. Die program teiken al die leerders in Suid-Afrika in kwintiel 1 tot 3 openbare skole, wat 60% van die armste skole in Suid-Afrika insluit.

Die program help ook om armoede in gemeenskppe te verlig deur werkskepping.

"Die evaluering het aangedui dat die NSVP jaarliks aan meer as 50 000 vrywillige voedselhanteerders die geleentheid gee om vir leerders kos te maak en dat hulle sodoende R960 per maand verdien," sê Mathe.

"Dit herlei na R576 miljoen per jaar in besoldigings wat gemeenskapslede bevoordeel."

Die program stimuleer ook ekonomiese aktiwiteit, aangesien klein-, medium- en mikro-ondernemings en koöperatiewe as diensverskaffers voordeel trek in provinsies met gedesentraliseerde verkryging (KwaZulu-Natal, Gauteng, Mpumalanga en die Noord-Kaap).

"Die plaaslike verkryging van groente het die potensiaal om skole en gemeenskappe te bevoordeel en om plaaslike landbou te stimuleer.

Die verslag het ook getoon dat die Wes-Kaap, Mpumalanga, Gauteng, die Oos-Kaap, die Noord-Kaap en Noordwes oor die jare die program die beste uitgevoer het. V

**Nasionale Skoolvoedingsprogram in getalle**



- **75%** – die aantal leerders wat deur die NSVP maaltye ontvang.
- **20 619** skole berei skoolmaaltye voor en voorsien dit aan ongeveer 9 032 622 leerders regoor die land.



- Meer as 50 000 werksgeleenthede is vir vrywillige voedselhanteerders geskep.

# Classroom overcrowding brought to book

**THE GAUTENG** Department of Education has opened a new school that will help ease learner influx pressure.

SAnews

The newly-built state-of-the-art Seshegong Secondary School in Olievenhoutbosch, Centurion, will help alleviate classroom congestion.

The school will cater for 1 200 children from grades eight to 12. Because of its size, it is classified as a mega school designed to respond to the province's demand trends.

Gauteng Education MEC Panyaza Lesufi said the school is a modern information technology-based facility that incorporates the Department of Education's National Schools Infrastructure Norms and Standards.

According to the department, a success of the project has been the increased involvement of the community in the planning, implementation and ongoing management of the facility.

"The impact the project has had on the beneficiary community has been remarkable. Its success cannot be measured merely in direct benefits, such as the number of buildings erected, but rather the human benefit that the community has derived from being part of the process."

**"We will continue to open such schools every month until 2019 in our quest to change the face of township schools."**

A total of 2 110 people were employed during construction, including contractors, and at least 31 subcontractors were used.

The school's smart classrooms are connected to a Wi-Fi network that allows students to make use of the internet. It is also fitted with an intercom system, CCTV cameras and an alarm system.

The facility complies with the latest Green Building practices and the water system uses solar water heating. To mitigate water usage, rainwater is harvested and used for irrigation and to flush toilets, which reduces the usage of the council water.

To boost security at the school, a guard house has been built, security steel meshes installed and a clear view fence divides the school area and sports field.

MEC Lesufi pleaded with the community to "protect this school for many generations".

"We will continue to open such schools every month until 2019 in our quest to change the face of township schools," he said. V